

7. Studie metodes:

Oorsig

Vrae

Lees

Opsomming & leer

Kontroleer

Herhaal

OVLOK-H metode

1. **Oorsig**

Lees al jou studiewerk eers eenkeer deur, sodat jy weet wat jy moet leer.

2. **Vrae**

Kyk nou veral na jou opskrifte en verander dit in vrae. Dit is gewoonlik wat jou onderwyser ook doen. Sodra jy vrae het weet jy wat om te leer.

3. **Lees:**

Lees nou jou leerstof deur, maar hoofstuk vir hoofstuk.

4. **Opsomming en leer:**

Sodra jy 'n hoofstuk of afdeling klaar gelees het, moet jy dit nou opsim met behulp van 'n diagram (spinnepkop ens).

Onthou om jou eie woord te gebruik.

Na die opsomming moet jy nou eers die hoofstuk of afdeling leer. (Vanaf jou opsomming)

5. **Kontroleer:**

Sê nou die werk op of antwoord vrae oor die werk, of skryf die hoofpunte neer om te toets of jy jou werk ken.

6. **Herhaal:**

Indien jy nog nie die werk ken nie, moet jy wer jou opsommings leer en kontroleer dat jy dit ken.

Hier is ook 'n paar ander metodes wat jy op die proef kan stel:

Wat leer ek?

- a. Leer definisies /bentekenis van woorde of begrippe of woordeskat
- b. Belangrike name, datums en gebeurtenisse
- c. Prosesse en eksperimente

Hoe leer ek nou?

'n Mens leer beter as jy sien, hoor en voel.

Sien:

Ek lees my werk

Hoor

Ek leer / lees hardop sodat ek die inligting kan hoor

Voel

Ek skryf my inligting of ek teken prentjies om my te help om beter te onthou. Ek werk ook in verskillende kleure vir elke afdeling.

Ek kry dit nie in my kop nie, wat nou?

- a. Raak eers rustig voor jy leer en sorg dat jou area vry is van goed wat jou kan pla
- b. Daar moet genoeg lug en lig wees
- c. Jy moenie langer as 40 minute aanmekaar leer nie. Jy kan nie langer as dit konsentreer nie.
- d. Rus ten minste 10-15 min tussenin.
- e. Wanneer jy rus moet jy weggaan van die area waar jy leer.
- f. Luister na Barok musiek terwyl jy leer
- g. Moet nie die hele tyd dink oor hoe moeilik die werk is, dit veroorsaak dat jy dit nie kan onthou nie.
- h. As jy nie die feite kan onthou nie, maar 'n DONKIE, bv.

Rivier

En hoë en

Lae berge

In die land

En

Fantastiese kuste = RELIEF

OF

'n rympie:

Meneer Van As

My Jas

Sal U Nie



Name van planete

OF

Maak 'n storie op

OF

Teken prentjies en maak asbsurdhede op

**Gaan slaap vroeg en wees ontspanne ander
slaan jy so toe soos `n boek!!!**